**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE VOORTSETTING VAN DIE INHULDIGINGSVERGADERING VAN DIE VYFDE BERGRIVIER MUNISIPALE RAAD, GEHOU OP DINSDAG 16 NOVEMBER 2021 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**

| | |
|---|---|
| Speaker (Rdh. R Swarts) | [DA] |
| Uitvoerende Burgemeester (Rdh. RM van Rooy) | [DA] |
| Uitvoerende Onderburgemeester (Rdh. MA Wessels) | [DA] |
| Burgemeesterskomiteelid (Rdh. A de Vries) | [DA] |
| Burgemeesterskomiteelid (Rdl. J Daniels) | [DA] |
| Portefeulje Voorsitter Artikel 79-Komitee (Rdl. A du Plooy) | [DA] |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] |
| Rdl. IS Adams | [ANC] |
| Rdl. EB Manuel | [GOOD] |
| Rdl. RL Laubscher | [PA] |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. N Rossouw | - | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. F Lötter | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D Josephus | - | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JM Rosenberg | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste (waarnemend) |

**AKSIE**

**RVN014/11/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna hy open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan mnr. R van Vuuren van die Departement van Plaaslike Regering wat die vergadering bywoon.

***

**RVN015/11/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer De Vries – afwesig met verskoning
Interne Ouditeur – afwesig met verskoning

***

**RVN016/11/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULE 7 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTUREWET, 1998 (WET 117 VAN 1998), SOOS GEWYSIG *(RAADSLEDE)* EN SKEDULE 2 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELSWET, 2000 (WET 32 VAN 2000) *(AMPTENARE)***

Die Speaker lei die item in. Die Munisipale Bestuurder gee 'n breedvoerige verduideliking van die 2 verskillende verklarings wat deur die Raadslede verklaar moet word.

**BESLUIT**

1. Dat elke Raadslid binne 60 dae vanaf die datum waarop die Raadslid as Raadslid verkies is, skriftelik op die aangehegte vorm sy/haar finansiële belange verklaar;
2. Dat elke Raadslid by die aanvang van elke vergadering hul belange verklaar; en
3. Dat die aangehegte vorms voltooi word en voor of op 09 Desember 2021 ingehandig word by die Direkteur Korporatiewe Dienste.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE EN ALLE RAADSLEDE***

***

**RVN017/11/2021**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD INGEVOLGE SKEDULE 7 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTUREWET, 1998 (WET 117 VAN 1998), SOOS GEWYSIG**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die "Rules of order for meetings of Council and Committees Policy", soos goedgekeur deur die Raad op Dinsdag 19 Oktober 2021; en

2. Dat 'n werkswinkel geskeduleer word ter opleiding van die Raadslede oor die beleid.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN018/11/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN019/11/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN020/11/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN021/11/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

1. Die Speaker versoek dat alle amptenare se lief en leed met die Raad gedeel word van alle direktorate; en

2. Dat Raadslid Adams op Sondag 21 November 2021 sal verjaar.

***ALLE PERSOONLIKE ASSISTENTE***

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:

Die Uitvoerende Burgemeester lig die vergadering in dat daar 2 sterftes in die Bergrivier Munisipale area was.

Die medelye van die Raad word betuig aan die bedroefde families.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

1. Die Munisipale Bestuurder bedank alle relevante rolspelers vir hul bydrae tot die Inhuldigingsvergadering, soos gehou op Donderdag 11 November 2021; en
2. Sy versoek verder dat alle partye hul skrywes, met betrekking tot die "Authorised Official", aan haar voorsien ter inligting.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN022/11/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN023/11/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN024/11/2021**
**EERSTE DRINGENDE VERSLAG VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG): ADJUSTMENT OF LIST OF PROJECTS**
**5/1/1; 5/9/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**RESOLUTION**

That the undermentioned MIG projects be approved by Council for the 2021-22 and 2022-23 years and that the DPIP be adjusted accordingly:

**2021-2022 MIG Projects**

- St Christopher Sewer R 2 917 227
- PV Upgrading of Roads R 927 127
- AUR Sidewalks (Low Cost) R 1 000 000
- AUR Roads and Stormwater R 1 732 946
- RED Sidewalks (Low Cost) R 1 000 000
- PV Sidewalks (Low Cost) R 1 500 000
- VD Sidewalks (Low Cost) R 3 000 000

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND)***

- PB Sidewalks (Low Cost) R 3 000 000
- EK Sidewalks (Low Cost) R 2 000 000
- PMU R 756 700

R17 834 000 (Roll-Over R 2,7m included)

**2022-2023 MIG Projects**

- RED Wastewater Treatment Works R 5 316 408
- AUR Wastewater Treatment Works R 3 000 000
- AUR Roads and Stormwater R 839 589
- PB Reservoir R 6 060 153
- PMU R 800 850

R16 017 000

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND)***

***

**RVN025/11/2021**
**ARTIKEL 53 ROLUITKLARING EN VERANTWOORDELIKHEDE**
**3/B**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat daar kennis geneem word van aangehegte dokument, soos goedgekeur deur die Raad op 16 Augustus 2016, met geringe wysigings soos deur die wysiginge van die Munisipale Strukture Wet vereis;
2. Dat Raadslede versoek word om hulle van die inhoud van die dokument te vergewis; en
3. Dat kennis geneem word dat die Artikel 53 dokument by die Raad se delegasieregister (item 026) geïnkorporeer is.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN026/11/2021**
**STELSEL VAN DELEGASIES**
**2/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Speaker versoek alle raadslede om deur die stelsel van delegasies te werk ter inligting en insette indien daar enige veranderinge aangebring moet word.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem dat die huidige stel delegasies van Bergrivier Munisipaliteit volledig hersien is en goedgekeur is op 27 Oktober 2020 (RVN013/10/2020); en
2. Dat alle bestaande delegasies behou word totdat nuwe delegasies aangeneem word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN027/11/2021**
**AANWYSING VAN VOORSITTERS VAN DIE ARTIKEL 80 KOMITEES**
**3/2/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die onderstaande portefeuljekomitee (Artikel 80 van die Strukturewet) instel, naamlik:

    a) Gemeenskapsdienste Komitee

    b) Tegniese Dienste Komitee

    c) Finansiële Dienste Komitee

2. Dat die Raad die getal lede van elke komitee bepaal;

3. Dat Raadslede aangewys word om op die artikel 80 komitees te dien;

4. Dat die Uitvoerende Burgemeester ‘n Voorsitter vir elke portefeuljekomitee vanuit die lede van die Burgemeesterskomitee aanwys, naamlik;

    - Raadslid J Daniels Portefeulje Voorsitter van die Finansiële Dienste Komitee,

    - Raadsheer A de Vries Portefeulje Voorsitter van die Tegniese Dienste Komitee; en

    - Dat Raadsheer M Wessels Portefeulje Voorsitter van die Gemeenskapsdienste Komitee; en

5. Dat die Raad kennis neem van elke portefeuljekomitee se rol en funksie.

***

**RVN028/11/2021**
**<u>AANWYSING VAN ARTIKEL 79 KOMITEE: MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)</u>**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die bepalings van artikel 79A van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet 117 van 1998) soos gewysig;
2. Dat die funksies van ‘n MPAC soos uiteengesit in artikel 79A(3)(a) – (e) ge-inkorporeer word as funksies van die MPAC van Bergrivier Munisipaliteit;
3. Dat alle ander aspekte van die MPAC dieselfde bly soos goedgekeur in September 2016 en Januarie 2019;
4. Dat kennis geneem word van die feit dat die Wysigingswet die volle funksies en verantwoordelikhede van die Oorsigkomitee aan die MPAC toegedeel het en dat Bergrivier Munisipaliteit se Oorsigkomitee herroep word en alle funksies en verantwoordelikhede van die Oorsigkomitee voortaan deur die MPAC uitgevoer sal word in terme van artikel 79A;
5. Dat die MPAC se werkskedule dienooreenkomstig aangepas word deur die Interne Ouditeur (vir oorweging by die eerste vergadering van die MPAC) om al hul rol en funksies te akkommodeer in die twee vergaderings jaarliks sowel as vier addisionele werksessies vir die Oorsigverslag in Februarie/Maart jaarliks;
6. Dat die Raad die lede en die Voorsitter van die MPAC aanwys; en
7. Dat die Voorsitter van die MPAC die vergoeding ontvang vir deeltydse voorsitters van Artikel 79 Komitees soos uiteengesit in die toepaslike wetgewing.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**RVN029/11/2021**
**AANWYSING VAN ARTIKEL 79 PORTEFEULJE KOMITEES: EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE**
**3/2/2**
***(Die item soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad 'n Artikel 79 Komitee skep wat genoem sal word die Ekonomiese Ontwikkelings Komitee;
2. Dat die Raad die samestelling en ledetal van die komitee bepaal; (sedert 2018 – 2021 was dit die Voorsitter en 4 ander raadslede (3 vanaf die meerderheidsparty in die Raad en 1 van die opposisie-party);
3. Dat die Raad 'n Voorsitter aanwys vir die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee vir Bergrivier Munisipaliteit;
4. Dat die Voorsitter geen addisionele vergoeding ontvang vir die Voorsitterskap nie; (nota: In die verlede was dit 'n bykomende onbetaalde funksie van die Portefeulje Voorsitter van Finansies);
5. Dat die Komitee alle aspekte verwant aan Ekonomiese Ontwikkeling, Kommunikasie en Toerisme sal hanteer en aanbevelings daaroor sal maak aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;
6. Dat die Komitee een keer per maand sal vergader op 'n datum wat inpas in die Staande Komitee (artikel 80 komitees) se ritme (sedert 2018 – 2021 was dit op 'n Woensdagmiddag 14:00); en
7. Dat die Munisipale Bestuurder optree as artikel 57 aanstelling verantwoordelik vir die funksie en dat die Bestuurder: Strategiese Dienste, Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling, CEO van BTO, Hoof Kommunikasie en ander relevante amptenare (soos deur die MB bepaal) ondersteunend tot die komitee optree en bywoon.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN030/11/2021**
**AANWYSING VAN ARTIKEL 79 PORTEFEULJE KOMITEES: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE**
**3/2/2**
***(Die item soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. That Council establish a section 79 committee to serve as a standing committee for the functions of Corporate Services;
2. That all reports from the committee be submitted to the Executive Mayor via the Mayoral Committee in terms of section 79(f) of the MSA and dealt with in terms of the approved delegations of Council;

3. That the following members of council serve as members of this committee namely:

    a. Cllr A du Plooy
    b. Cllr J Moolman
    c. Ald. A de Vries
    d. Cllr J Daniels
    e. Ald. M Wessels
    f. Cllr S Lesch
    g. Cllr E Manuel
    h. Cllr R Laubscher;

4. That the roles and responsibilities in terms of Section 53 of the Systems Act (2000) be applicable to this Committee for all functions approved for this directorate in the organizational structure;

5. That the committee be called the Corporate Services Standing Committee which serves as the Portfolio Committee for Corporate Services;

6. That the duties and powers associated with all functions of the Corporate Services directorate be delegated to the committee and that the delegations register of the Municipality be updated to reflect same;

7. That Councillor Adam du Plooy be appointed as chairperson of this committee;

8. That the Chairperson be remunerated as prescribed in the Upper Limits Notice for Councillors as a Section 79 Committee Chairperson.

9. That the procedures as determined in Bergrivier Municipality Rules of Order for Council be applicable *mutatis mutandi* to this committee.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN031/11/2021**
**<u>VERKIESING VAN SWEEP VIR DIE MUNISIPALE RAAD (INDIEN ENIGE)</u>**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat geen sweep vir die munisipale raad verkies word nie.

***

**RVN032/11/2021**
**<u>AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS VIR ANDER RAADSGELEENTHEDE EN BUITELIGGAME</u>**
**3/2/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad dit oorweeg om teenwoordigers op die lys van verteenwoordigers vir ander raadsgeleenthede en Buiteliggame aan te wys;
2. Dat die name van die Raadslede teen Vrydag 19 November 2021 aan die Speaker voorsien word; en
3. Dat die Lys van Verteenwoordigers vir ander raadsaangeleenthede en Buiteliggame by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 30 November 2021, voorgelê word vir goedkeuring.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**RVN033/11/2021**
**REMUNERATION OF PUBLIC OFFICE BEARERS**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van bogenoemde vergoeding en toelaes wat betaalbaar is aan die nuutverkose raadslede; en
2. Dat alle Raadslede 'n volledige beskrywing / inligting van eiendomme en voertuie vir die versekering van die spesiale risikodekking, voor of op 30 November 2021, aan die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur voorsien.

***

**RVN034/11/2021**
**TOEKOMSTIGE VERGADERINGS**
**9/1/2**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Ekonomiese Ontwikkelingskomiteevergadering verskuif word na Donderdag oggende 08:30; en
2. Dat die Finansiële Dienste Komiteevergadering verskuif na Woensdag middae 14:00.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN035/11/2021**
**OORHANDIGINGSVERSLAG**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:45*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_______________________ ___________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***